

12 - 14 Januarie 2018

SUMMERWOOD



Die
Kudus



Boertjie
se pot



Die
Klipdrifters



Gas Monkeys

Ons het behoorlik in die nuwe jaar ingewaai!

Dit was dan ook die geval by Summerwood, maar kamp sal ons kamp. Sommer vroeg in die week al. Deur die loop van die week het nog lede aangesluit en Vrydag, 12 Januarie, het die laaste kampeerders by ons aangesluit. Ek het Vrydagaand boekevat behartig. Inbetaling is afgehandel, asook die inskrywings vir Saterdag se potjiekos kompetisie. Daar was heerlijk gebraaai en gekuier rondom die vure die aand.

Saterdag was 'n lekker warm dag. Almal het maar hul eie ding gedoen. Om elf uur het die bestuur hul bestuursvergadering gehad. Die potjiekos kompetisie het daarop gevolg teen twee uur die middag. Deelnemers is tyd toegestaan tot vyf uur om hul potjies en tafels in orde te kry vir die beoordelaars, Tjaart Snyman en Jakkie Barnardo.

Die deelnemers het almal ontsettend baie moeite gedoen en daar was 'n minimale punte verskil tussen die wenners en die res van die spanne.

Ek het die boekevat behartig, waarna die potjiekos kompetisie wenners aangekondig en pryse uitgedeel is. In die eerste plek was dit die Kudus (Paul Stander en Mario Steenkamp) met hul biltongpot.

12 - 14 Januarie 2018

SUMMERWOOD



Andre & Sam Ankiewicz
25 Algemene Kampe



De Wet en Yolande Fourie
25 Algemene Kampe



Kallie & Denise Kaltenbrunn
30 Streek Kampe



Johan & Jakkie Barnardo
300 Streek/400 Algemene Kampe



Spikkels & Charmaine Barnard
125 Algemene Kampe



Boertjie se pot (Johan en Sandra Fourie) het die tweede plek gevat met hul hoenderroompot. Die Klipdrifters (Reghard en Tarryn Momberg) het derde gekom met hul Butter Chicken pot en die Gas Monkeys (Steve Lambrechts en De Wet Fourie) het vierde gekom met hul warm kerriepot. Karla Ferreira het ook met 'n prys weggestap aangesien sy die enigste kind was wat deelgeneem het en haar pa baie ywerig gehelp het.

Die potte is aan die Klub geskenk om te verkoop om sodoende fondse in te samel. Baie dankie aan almal wat deelgeneem het en wat pryse geskenk het. Die fondse sal aangewend word vir die 100+ kamp wat 2 - 4 Maart 2018 by Gamtoos plaasvind. Dit is 'n oop kamp, so enige lid mag die kamp bywoon, maar slegs die lede wat 100+ kampe het mag Saterdaggaand die funksie bywoon.

Sondag het een van ons gaste, Ashley Bradley, vir ons gepreek. Baie dankie aan hom vir die inspirerende boodskap wat hy vir ons gebring het.

Na kerk het ons begin om op te pak, terwyl ander lede eers 'n ietsie gaan eet het. Baie dankie aan almal vir 'n heerlike kamp. Sterkte vir die kwartaal, semester ensovoorts vat voorlê. Mag 2018 net voorspoed en geluk vir almal bring.

Veilig sleep. Tot volgende keer.

- Ischke Lambrechts